Pretoria- 12 Mei 2013

Skriflesing: 1 Thessalonicense 1
Teks: **1 Thessalonicense 1:8-10**
Sing- Ps. 118:2,7; Ps. 81:1,4; Ps. 46:3,6; Ps. 48:5

1 Thessalonicense 1

1Th 1:1 Paulus en Silvánus en Timótheüs aan die gemeente van die Thessalonicense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus!
1Th 1:2 Ons dank God altyd oor julle almal as ons aan julle dink in ons gebede
1Th 1:3 en onophoudelik in gedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus, voor onse God en Vader,
1Th 1:4 omdat ons weet van julle verkiesing, broeders wat deur God bemin word.
1Th 1:5 Want ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid, soos julle weet hoedanig ons onder julle om julle ontwil gewees het.
1Th 1:6 En julle het navolgers van ons geword en van die Here deurdat julle die woord in baie verdrukking ontvang het met die blydskap van die Heilige Gees,
1Th 1:7 sodat julle voorbeelde geword het vir al die gelowiges in Macedónië en Acháje.
1Th 1:8 Want van julle uit het die woord van die Here weerklink nie alleen in Macedónië en Acháje nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan, sodat ons nie nodig het om daar iets van te sê nie.
1Th 1:9 Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien
1Th 1:10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.

Skriflesing: 1 Thessalonicense 1
Teks: **1 Thessalonicense 1:8-10**
Sing- Ps. 118:2,7; Ps. 81:1,4; Ps. 46:3,6; Ps. 48:5

Wanneer ons hierdie getuienis wat oor hierdie gemeente van die Here in Thessalonika gegee word, mooi ná kyk, broeder en suster, dit kan nie mooier nie. Dit sal darem wonderlik wees as van ons, die Gerf kerk Pretoria dieselfde dinge gesê kan word. Hoe wonderlik sal dit wees as ander mense, wat nie deel van hierdie gemeente is nie, maar tog het hulle al so baie van ons gehoor dat hulle die volgende drie dinge oor ons sal sê: Hierdie gemeente is ’n eggo waar die Woord van God aanmekaar weergalm. Dink u in as hulle van ons mag sê dat ons nie maar net sê dat ons nie aan die wêreld gelyk wil wees nie maar ons bewys dit met ons lewe dat ons geen afgode duld nie, dat ons werklik net slawe van Jesus Christus wil wees. Dink u in hoe wonderlik sal dit wees as hierdie gemeente werklik die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.

Weet u geliefdes, dit wat ons sê dit sal wonderlik wees as dit van ons gesê kan word, dit is presies wat van die gemeente van Thessalonika gesê is. Vers 8 wys op die Woord wat weerklink het. Vers 9 wys op die daadwerklike lewe en toewyding, bekering en opoffering

wat in daardie kerk was. Vers 10 wys op die diepe verwagting as ’n mens Jesus Christus voor oë hou. Ons tema is dan : ***’n kerk soos in Thessalonika moet ons na onsself laat kyk.*** Eerstens dan wat dit beteken dat die Woord moet weerklink. Tweedens waar lê ons harte. In die derde plek wat is werklik ons verwagtinge...

Wat dit beteken as die Woord weerklink:

Dit is nou al langer as 2000 jaar terug wat ’n kerk soos die gemeente van die Thessalonicense ontstaan het. Ja, dit het ’n unieke ontstaan. In Handelinge 17 lees ons die verhaal dat vir Paulus, Silas en Timotheus, toe hulle op hulle 2de sendingreis was, het hulle hierdie gemeente gestig. Dit het onder verskriklike moeilike en gevaarlike omstandighede gebeur. Alles het vir hulle aan die begin goed gelyk maar op ’n dramatiese manier is hierdie drie manne in hulle spore gestuit. Hulle kon vir drie Sabbatte nog daar in die Joodse sinagoge preek, maar toe was dit asof hulle begin soos dinamiet in hulle gesigte ontplof het. Die Jode het soveel kwaad gestook dat Paulus hom letterlik oornag uit die voete moes maak. Hy vertrek na Berea alhoewel Silas en Timotheus nog daar agtergebly het.

So sien ons, hulle drie manne het maar net eintlik ’n klein bydrae gelewer om die eerste vlammetjie van die geloof in Jesus Christus in hierdie groot wêreldstad te laat flikker. Daardie flikkerende vlammetjie, dit wat soos ’n klein kooltjie vuur net effens hitte kon uitstraal, daardie vlammetjie van die Gees, daardie kooltjie van die Woord sou nie koudgesit word nie. Al het die Jode Paulus verjaag, al het Paulus se medewerkers moes wegkruip dat hulle hul voete nie weer in die sinagoge mag sit nie, die Jode mag hulle drie van die aardbol wou wegjaag, maar die kerk van Jesus Christus het in Thessalonicense klaar begin. Ja, die kerk se begin is nie afhanklik van die wil van enkele mense nie, al was Paulus en Silas begeesterd en oortuig van hulle sending maar die kerk se begin lê presies in hoe 1 Thessalonicense 1 begin.

In God Drie-Enig, die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat aan die werk is om God se kinders saam te bring, om ons sy kerk te maak dat ons as kerk vir mekaar kan sê, dit is God wat ons sy kerk gemaak het, ons behoort aan God. U moet eintlik hierdie eerste hoofstuk oor-en-oor lees dan kom die wonder en die diepte en die heerlikheid van God se werk net elke keer nog weer duideliker uit. Vers 1 -5 staan God Drie-Enig voorop, Paulus se eerste woorde in hierdie eerste brief van hom ooit aan ’n gemeente geskryf, ja onthou die Thessalonicense briewe is van al die briewe wat Paulus geskryf het, waarskynlik sy heel eerste briewe (sy oudste briewe) , so 52nC al geskryf. Die eerste wat Paulus dan ooit aan ’n

kerk wou bevestig is... onthou julle begin is God die Vader van ons Here Jesus Christus. Dan herhaal hy dit eintlik- hy groet hulle in hierdie Drie-Enige God se Naam as Hy sê – *Genade vir julle en vrede van God Onse Vader en die Here Jesus Christus.* In vers 5 praat hy spesifiek met hulle vanuit die Vader en die Seun oor die Heilige Gees... *ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees.*

Ja, dit wat Paulus hierdie kerk se begin mee bevestig is wat God Drie-Enige gedoen het. Dit staan so duidelik in vers 4- *ons weet van julle verkiesing, broeders wat deur God bemin word.* As daar nie 'n uitverkiesing was nie dan sou daar geen kerk gewees het nie. Geen kerk nie, ook nie in Thessalonika nie, maar nou word die uitverkiesing eintlik 'n pragtige en dierbare slot toegevoeg. *Julle...wat deur God bemin word...* mooier kan dit nie! In die Grieks lees ons hier die woord avgapa,w (agapao), dit gaan oor God se liefde, ja die Woord *bemin* kom maar 5X in ons Afrikaanse Bybel voor, en twee van die vyf kere is in die Thessalonicense briewe. 1 Thess.1:4 en weer 2 Thess.2:13 - *13 Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid.* Ja, die besondere liefde van God, om 'n beminde van God te mag wees het alles met God se liefde te make. God het hulle liefgehad voordat hulle enigiets aan Hom gegee het. God het hulle in sy soewereine uitverkiesing liefgehad.

Dit wat ons hier hoor is wat in ons weerklank moet vind. Paulus sê dit in ons teksverse- van julle uit- m.a.w. julle wat uitverkorenes is, julle wat so bevoorreg is om bemindes van God te wees, julle in wie die Here Self sy liefde verklaar, uit julle *het die Woord van die Here weerklink.* Ja, hierdie gedeelte in Griekeland waar Paulus van weerklanke praat, spesifiek dan toegepas op Macedonië, dit is bergagtige dele daardie, nou weet ons in die berge, waar die kranse hoog is, daardie weerklank wat teen die rotse vasslaan, as jy hard sou roep, dan is dit asof die berge terugroep, of daar iemand daar ander kant is wat antwoord. Dit is presies die strekking van die Griekse woord vir weerklink- *van julle uit het die woord van die Here weerklink.... nie alleen in Macedónië en Acháje nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan, sodat ons nie nodig het om daar iets van te sê nie.*

Ander vertaal moontlikhede wys dit is 'n harde en duidelike klank met 'n kring- effek, dit beweeg uitwaarts, dit moet weerklink, ja dit staan so duidelik as Paulus sê tot waar het dit

geklink- hy praat van *op elke plek*...en dan noem hy die provinsies Macedonië en Achaje. In die Griekse provinsie Macedonië lê die stede Filippi, Berea en natuurlik ook Thessalonicense. In die provinsie Achaje lê Athene, Korinte. Groot stede, wêreldstede van daardie tyd, vyf van hulle net in die 2 provinsies, daar het die evangelie wat maar net met 3 weke se werk in een plek begin het, het 'n onkeerbare vuur geword, 'n eggo-klank, dit omdat net een kerk die werk doen wat daar van die kerk verwag word. Om te weerklink, om 'n eggo te wees van wat God doen.

Ja, wat dit beteken dat die Woord moet weerklink, broeder en suster, ons moet dit goed raaksien, 'n kerk wat die Woord laat eggo kan nie stagnant wees nie, want dan gaan dit inderdaad agteruit! As ek nie opgewonde is oor die dinge waaroor Paulus so opgewonde vir hierdie gemeente oor skrywe nie, mense wat die Heilige Gees met blydskap ontvang het, al kry hulle swaar. Ná Paulus se verjaging het dit beslis vir hulle in die kerk gevolge gehad, want hulle was nou die prooi van sy planting, maar Paulus steek nie by die negatiewe vas en kla - ai dit het so swaar met my gegaan in Thessalonika, wat gaan nog van ons word, wat gaan nog van die Woord oorbly, daar is geen kans dat ons gaan vorder nie.

Geliefdes, wie dink dat Paulus afgesit is, al moes hy vir sy lewe vlug, maak 'n groot fout. Hand 17 staan dit duidelik, daar het baie mense tot geloof gekom, ook Griekse manne en vroue, dit was asof die Woord sy staanplek gekry het, dit in die harte van daardie mense. Die stad met sy menigtes, veral die hawestad Thessalonicense met sy dokwerkers, sy matrose, sy handelaars, selfs toeriste. Daar was baie handel en verkeer. Thessalonicense is 'n brandpunt wat ons nie moet verbaas dat Paulus hierdie stad tussen al die stede in Europa eerste gekies het as afspringplek vir sy sending nie. Al het hy maar 3 weke daar kon wees, was die Woord geplant. Dit was nou soos 'n radiostasie waarvan die antennas nie afgebreek kan word nie, al is die uitsaaier vêr daarvandaan weg. Ja, Thessalonika was nou vir die prediking soos 'n klankversterker wat die Woord oor die wydtes van Griekeland laat hoor, Korinte, Athene, Filippi, noem maar op!

Geliefdes wanneer ons hoor hoe die Woord van die liefde van God en die liefde in sy verkiesing posvat, ja God se bemindes hoor dit, ook u en ek vanoggend, dan is ons tweede gedagte-

Waar lê ons harte?

Die vrug van die uitverkiesing is bekering. Die gemeente van Thessalonika is bewys hiervan. Paulus sê in vers 2 dit is die rede waarom hy die Here altyd sal dank. Die feit dat hulle van die afgode weggedraai het en die ware God dien. In vers 5 staan dit so duidelik - *ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag...* en dan ook vers 6- **6** *En julle het navolgers van ons geword en van die Here...* Daar lê sekerheid in wat hier staan. Dit wat in die Heilige Gees gedoen word bewerk sekerheid, daar is krag, daar is volheid. Hierdie Woord mag maar weerklink, dit moet so wyd as moontlik weerklink want daar is niks beter as om te hoor wat hier staan nie.

Die woord wat uitgaan staan nie sonder getuienis van waar lê die harte wat hierdie woord ontvang het nie... *hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en waaragtige God te dien.* 'n Afgod wanneer dit in die Grieks na gekyk word, is dit die woord **εἴδωλον** (eidolon), -so verklaar dit ook die Engelse term *idol*- 'n afgod, wat eintlik mense so verneuk. Afgodery is 'n verneukery. Dink maar aan 'n huis wat by die waterkant staan. Daar kan pragtige spieëlbeelde van daardie huis in die water weerkaats, maar as jy daardie water roer die huis wat jy hier in die water sien, die huis bestaan nie in die water nie. Ek sien maar net die afbeelding daarvan, maar dit is geen werklikheid nie. Of as ek in die middagson my skaduwee op die grond sien, dit is nie werklik ek daardie nie. Paulus sinspeel op hierdie gebeurtenis as hy van afgode praat. Die beelde, die kragte, dit wat die heidene so voorhou en deur hulle vereer word, is eenvoudig 'n verneukery. Hierin is egter so baie gevaar in opgesluit. As Paulus later ook vir die Korintiërs in Griekeland skrywe dan staan daar in 1 Kor. 10- wie vir die afgode offer is besig om eintlik die bose geeste te dien. Daar word dan eintlik offers aan demone gebring. Dit waarvoor die mens in vrees lewe... bang vir die afgode.

Daarom kan ons ons die dankbaarheid van Paulus indink met die skrywe van die woorde in v.9- *die ingang wat ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God om die lewende en waaragtige God te dien.* Die teenstelling tussen die ware God en die stad se afgode kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die afgode met hulle demone, dit wat hulle voorgee is maar soos spieëlings in water, dit wil iets van die waarheid voorgee, maar jy kan glad nie daarop staatmaak nie, jy kan eintlik nie eers daarop ingaan nie, want wat hulle

voorgee om te wees, bestaan nie, dit is glad nie wat dit lyk te wees nie, maar die ware God is lewend, Hy is waaragtig, Hom kan ons dien!

Watter voorreg om eintlik ’n slaaf van Hom te wees. Om te dien is nie iets wat die moderne mens maklik op die oor val nie. Om slaaf/ kneg te wees - ons harte praat met hierdie woorde nie maklik saam nie, al sê ons lippe dit. Werklik slaaf te wees, dan praat ons maar eerder oor iets anders, ons praat daarrondom om tog net nie werklik te wees wat van my gevra word nie...slaaf...*om die lewende waaragtige God te dien.* Ja, in die Grieks is die woord reg uit die slawestand. ’n Slaaf het geen ander reg gehad as om net te dien nie. Ja, iets van onvoorwaardelike gehoorsaamheid.

Tog is dit ’n uitermate groot voorreg. Vers 6 gee iets van hierdie wonderlike voorreg deur- Paulus prys hierdie gemeente omdat hulle navolgers van hom en Silas en Timotheus geword het, maar dit gaan nie om hulle drie nie, want staan daar ... *julle het navolgers van ons geword en <u>van die Here...</u>* Dan is ek bereid om soos ’n slaaf Hom te dien. Dit het Paulus en sy volgelinge inderdaad gedoen. Dan is beproewinge en verdrukkinge wat op ons pad kom nie ’n verrassing nie. Ons glo wat Joh. in hfst. 15:20 sê – *’n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle my vervolg het, sal hulle julle ook vervolg.* Daarom is Paulus nie maar net besig om die gemeente heuning om die mond te smeer nie, maar hy wat self daar vervolg was, weet van hulle vervolging. Hy sê in vers 3 dat hy *die volharding van hulle hoop in Jesus Christus* sien as iets waaraan hulle geanker is. Die simbool van hoop is altyd ’n anker, om in Christus geanker te wees, daardie anker het hulle. Dit is in hulle harte!

Dan kom ons by die laaste gedagte vandag as daardie inhoud van die hoop in Thessalonika die duidelikste uitgespel word , dan gaan dit ook oor

<u>Wat is werklik ons verwagtinge?</u>

Daar kan mooi dinge oor ’n kerk gesê word. Paulus praat mooi oor die gemeente, hulle het hulle van die afgode bekeer, hulle dien werklik die Here, maar nou soos ons met die reeks uit die Thessalonicense al hoe meer sal agterkom, veral na die week wat ons ook die hemelvaart van die Here kon vier, dat die Here moet nie net op die aarde gedien word nie, maar Hy moet ook uit die hemele verwag word. As ek my gesig van die afgode wegdraai, dan kan ek dit draai in die rigting van die ware God. Daardie verwagting om Jesus met die wolke van die hemel te sien. Daaroor praat Thessalonicense in elke hoofstuk . Christus gaan weer kom, of Paulus praat in die brief nie van sy *koms* nie maar Hy gaan weer *verskyn.*

Vers 10 is dit die enigste keer wat Paulus hierdie woord *verwag* gebruik ἀναμένω (anameno)- wat beteken dat ek is in gespanne afwagting. My hele wese is daarop gerig. As ek wag om op die vliegtuig te klim dan stap ek in die wagkamer op en af want ek wil nou net op daardie vliegtuig kom. Elke stukkie van jou is daarop gerig. Waar dit op neerkom en hoe beskaam staan ons nie as ons dit vir mekaar moet sê nie, dat 'n gemeente se hele bestaan moet nie wees om die jaar se begroting te oorleef of te laat klop nie, die sentrale aktiwiteit wat die kerk se hele bestaan tot in die veseltjie van elke senuwee moet prik is, verwag ek die lewende Here Jesus Christus. Dit moet ons grootste afwagting wees, ons verwag God se Seun. Hy wat God uit die dode opgewek het, nou verwag ons die opgewekte Christus. Ons harte moet ten volle daarop gerig wees. Ons kan baie dinge slegte dinge rondom ons raaksien en opnoem. Kom ons eerder behoorlik opkyk, ons ore ingestel om wat God te hoor, dat dit ons verwagting sal wees. Dan kan ons afsluit om dieselfde God te dank wie Paulus in vers 3 op so aangrypende wyse die vrugte van die werk van die kerk die Here daarvoor dank- ook in hierdie gemeente- mag ons *onophoudelik ingedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op ons Here Jesus Christus voor onse God en Vader.*

AMEN